# Rasseverhoudings in Suid-Afrika: 1652-1952.

## I. 1652.

As Stormkaap het Suid-Afrika onder die aandag van Europa gekom, maar die geloof het oorwin in die benaming: Kaap die Goeie Hoop. So staan Suid-Afrika vandag nog in die wêreldkalklig nie vanweë sy prestasies nie maar weens sy probleme. In die sentrum van die storms staan die rassevraagstuk.

**'N IDEAAL wat Van Riebeeck tweekeer gestel het, is na drie eeue nog nie gerealiseer nie: die nie-blanke is nog nie binne die kader van die gereformeerde religie gebring nie.**

**—Deur J. H. COETZEE.**

Voordat die Strandlopers en Saldanhers nog gedroom het van enige versteuring van hulle tradisionele bestaan, selfs nog voordat amptelik besluit is om 'n Europese verversingspos aan die Kaap te stig, is die aanwesigheid van die besondere inheemse bevolking al in die kader van die handelsproblematiek betrek. In hulle „Remonstrantie" aan die V.O.C. oor die voordele van die aanleg van 'n „Fort ende Tuijn" meld Leendert Jansz. en Proot reeds hierdie faktor as 'n beswarende omstandigheid. Uit hulle opmerking blyk drie sake:

dat daar reeds verskil van mening oor die gesindheid van die „Inwoonders" bestaan het;
dat die laer beskawingsniveau van die inboorlinge bekend was, en
dat van hulle blykbaar nie konstante arbeid verwag kon word nie.

Om by die laaste te begin: die opstellers beveel aan dat van Batavia „eenige Chinesen 't welck een laboreus volck is ende haar meest op 't hovenieren verstaan" ingevoer sou moes word om die tuine te bewerk.

Bewus of onbewus word die arbeidsvraagstuk hier reeds op die voorgrond gestel met as oplossing ingevoerde, goedkoop arbeiders—'n beleid wat later, tot oneindige komplisering van die rasseverhoudings, in drieërlei vorme toegepas is: die invoer van slawe, van Indiese Koelies vir die suikerbedryf en van Chinese Koelies vir die goudbedryf.

Op grond van hulle ervaring gedurende die verblyf van die bemanning van die **Haerlem** verwerp Jansz. die bewering as sou die „inwoonders brutale ende mensch eetende menschen zijn, daer niets goets van en sal te verwachten, maer altijt op onse hoede sullen moeten wesen" as „een Jan Haegels praten." Hulle behandeling was onder alle omstandighede vriendelik. Tog gee hy toe dat die inboorlinge op 'n ander beskawingspeil leef, dat hulle „sonder wetten ende politie gelijck veel Indianen zijn" en dat hulle reeds van die bootsgeselle en soldate doodgeslaan het. Dit skrywe hulle aan provokatiewe omstandighede toe waaronder selfs „de huijsluijden hier te lande, ingevallen men haer beesten onder de voet schoot en sonder betalen wegh nam, als geen justitie en ñadde te vresen, niet een haer beter dan dese inwoonders souden sijn."

Die verskil van mening oor die gedrag en gesindheid van die inboorlinge word verder beklemtoon deur Van Riebeeck se **„Nader Consideratie off Bedenckinge"** oor die **Remonstrantie.** Wat die „humeuren der Inwoonderen" betref, was hy meer wantrouig. Hulle is na alles tog maar „niet te vertrouwen maer een brutale hoop sonder conscientie levende." Tog skyn dit asof Van Riebeeck hierdie toestand as 'n tydelike beskawingsverskil aanvaar wat wel onder aanraking met goeie leermeesters uitgewis kan word. Hy onderskryf die mening van Leendert Jansz. dat die „Inwoonders" of hulle kinders moontlik die Nederlandse taal sal aanleer en noem dit ook „een goede saecke" maar sien dan blykbaar ook verdere horisonte met die byvoeging „maer ingevolge noch beter de voortplantinge onser gereformeerde Christelijcke religie daer denselven meede hope toe schijnt te hebben en in welcke saecke een goet leeraer de beste dienste soude kunnen doen . . ."

In sy wantroue was Van Riebeeck nie verkeerd nie, van sy hoop en verwagtings het hy bitter weinig tereg sien kom. Alleen die aanskouing van die uitkoms van die beskawingseksperiment met Eva is hom waarskynlik gespaar. „Kingh Herry" het in elk geval getoon dat hy deeglik vatbaar was vir lering uit die Europese beskawing. Hoewel blykbaar immuun teen die morele standaarde van die nuwe het hy wat diplomasie en handelsvaardigheid betref, veel en vinnig geleer van sy eertyds Engelse en latere Hollandse meesters. Hy het sy eie krag en waarde geken. Vir sy onontbeerlike middelmansdienste eis hy sy kommissie, en langs hierdie weg gebruik hy dié posisie en die goedgelowig-

heid van Van Riebeeck en sy minderes om homself te verryk. Maar van groter beskawingsvermoë as om 'n bietjie Engels en Hollands te praat, om in „Hollantse clederen" rond te loop, aan die Kommandeur se tafel te eet en om vrede te sluit terwille van die genieting van „Hollantse kaes ende boter," „Spaense wijn ende broot" gee hy geen bewys nie. So was ook die vordering van die ander in die Europese beskawing teleurstellend: wel het hulle Hollands geleer en was hulle gewillig om hulle „doorgaens den buyck" te laat vul, maar origens het hulle verkies om te wees soos „de vogels, die liever uit wilt vliegen als de beste coninghs salen bewoonen."

Van Riebeeck se instruksies was om ten alle koste 'n goeie verstandhouding met die inboorlinge te bewaar en hulle te gewen aan omgang met die Europeërs, al moes hy ook gedurig versigtigheid betrag. Die primêre motief was natuurlik die handelsbetrekkinge. Daarnaas kom die gewenning aan 'n Europese lewenswyse, met al sy implikasies, as 'n terloopse bysaak.

In hoeverre daar kragdadiglik opgetree is om Van Riebeeck se gedagte, soos uitgespreek in sy kommentaar op Jansz. se memorandum en herhaal in sy landingsgebed, te bevorder, is onbekend. Dit skyn egter asof die Kommandeur so besig was met die handels- en administratiewe belange, dat hy aan die uitvoering van die idee gedurende sy redelik beperkte verblyf nie aandag kon gee nie. Tog kom dit voor asof die sieketrooster nie onverskillig teenoor die kerstening van die „Inwoonders" gestaan het nie. In 1655 bekla Willem Wijlant hom teenoor die Classis Amsterdam dat die inboorlinge „beroft (is) van alle kennisse Godts," en dat enersyds weens die taalmoeilikheid geen kennis tot hulle gebring kan word nie. Andersyds het sy pogings om van „haer jonges" by hom te neem met die oog op hulle opvoeding, nog geen vrugte afgewerp nie, hy vrees dat daar „luttick hoop schint te wesen van diese natie."

Ten opsigte van die ingevoerde nie-blankes het die optrede enigsins verskil. Daaruit spreek 'n groter mate van beskawingsoptimisme. Die redes hiervoor was waarskynlik drieërlei: die Kommandeur en andere het beter kennis gedra van die slawe uit die Ooste; die slawe se lewenspeil was oor die algemeen hoër as dié van die Hottentotte, en uit die aard van die saak was hulle in die nouste aanraking met die blankes as bediendes in hulle huise en op hulle hoewes. Die eerste skool wat opgerig word (April 1658), is dan ook 'n slaweskool met Van der Stael, die opvolger van Wijlant, as onderwyser.

Toe Van Riebeeck in Mei 1662 die Kaap verlaat, was die stand van die rasseverhoudings ongeveer soos volg:

1. Van die verskillende etniese groepe in suidelike Afrika het die blankes slegs nog met drie groepe Hottentotte kennis gemaak: die Strandlopers of Watermans, die Kaapmans of Saldanhers en die Vismans. Met die Boesmans is blykbaar alleen sporadies kontak gemaak deur binnelandse ekspedisies. Die derde komponent van die nie-blanke gemeenskap was die ingevoerde slawe wat, met uitsondering van 'n klein groepie uit Madagaskar en Batavia, hoofsaaklik uit Wes-Afrikaanse Negers bestaan het.

2. Die verhouding met die Hottentotte is primêr bepaal deur handelsbelange, dié met die slawe deur die arbeidsbehoeftes.

3. Die goeie voornemens van die blankes is na twee en 'n halwe jaar die bodem ingeslaan. Hulle vriendelike omgang is beantwoord met moord en veediefstal. Tog was Van Riebeeck nog bereid om te vergewe en te vergeet, totdat herhaalde provokasie uiteindelik ook sy voorgeskrewe beleid ingrypend gewysig het en die eerste Hottentotoorlog in 1659 uitbreek.

4. So tree die deurlopende motief van wantroue en antipatie tussen blank en nie-blank op die voorgrond. Die Hottentotte motiveer hulle optrede met die argument „dat sij (die blankes) op haer landt saten ende sagen (sij) vast lustigh aenbanden om nimmermeer te vertrekken." Die grondkwessie waaroor blank en nie-blank sulke uiteenlopende menings gehuldig het, het sy historiese rol begin speel.

5. Op sosiale terrein is prakties nog 'n kennelike afstand tussen blank en nie-blank bewaar, hoewel die weg reeds geopen was vir gelykstelling van beskaafde gekerstende inboorlinge: Herry word aan Van Riebeeck se tafel toegelaat; terwille van handelsvoordele is die Kommandeur selfs bereid om die Hottentotte te omhels al is dit ten koste van sy klere. Die logiese implikasies hiervan is die huwelik (21 Maart 1656) van die assistent Jan Woutersz. met Catarina Antonis van Salagoa, gewese slavin, en die latere huwelik van Pieter van Meerhof die onderchirurgyn met Eva, die „beskaafde" Hottentottin (1666). Volgens Francken was daar dertig jaar na die nedersetting reeds sowat 60 basterkinders aan die Kaap. Hulle is blykbaar die produkte van egtelike sowel as buite-egtelike verbintenisse, soos die latere Eva-geskiedenis en ander gevalle aantoon. Die posisie is trouens begryplik as in aanmerking geneem word die skaarste aan blanke vroue en die beskawingspeil van 'n aansienlike deel van die koloniste.

6. Oor die algemeen was die toestande nog veel eenvoudiger, minder ingewikkeld as vandag. Daar was die ruimte om geografies apart te

leef. Maar daarby was die inboorlinge sowel as die blankes veel meer aparte homogene groepe, sodat met 'n enkele horisontale lyn 'n sosiale, beskawings- en rasse-onderskeid geskep kon word.

## II. 1952.

Oor die huidige stand van die rasseverhoudings kan vergelykenderwys in hierdie ontleding slegs enkele hooftrekke aangeraak word.

1. Deur die loop van drie eeue het dit tot 'n groter integrasie van die twee ekonomiese aspekte van die verhouding, naamlik die handels- en arbeidsoorwegings, gekom. Eintlik het die regstreekse handelsbelangrikheid van die nie-blanke sedert Van Riebeeck sy primêre plek afgestaan aan die arbeidsbelangrikheid sodat ons huidige ekonomiese struktuur hoofsaaklik op die gewoonte van sogenaamde goedkoop nie-blanke arbeid gebou is. Op grond van sy arbeidsbetekenis alleen word die nieblanke in die blanke samelewing geduld, d.w.s. as nie-kompeterende ongeskoolde werker. Daarin lê ook die anomalie van die huidige beleid: begeerte tot apartheid teenoor behoefte aan nie-blanke arbeid. Langs die weg word apartheid ook geleidelik omgeskep tot parallelisme.

2. Etnies het die verhouding veel ingewikkelder geword. Die eerste kontakstamme, Hottentot en Boesman, het die gevolge van die kultuurveranderinge nie kon oorleef nie. Onderwyl is in aanraking gekom met die getal- en kultuur-sterkere Bantoe en is die kompleksiteit verhoog deur die binne- en buite-egtelike ontstaan van die Kleurlinggroep en verder deur die invoer van Indiërs (ook om arbeids- en handelsoorwegings).

3. Ook kultureel het 'n groter kompleksiteit ontstaan deur die meer piramidale vorm wat die „rasse-struktuur" aangeneem het. Waar dit vir Van Riebeeck betreklik eenvoudig was om 'n vertikale rasse- en kultuurverskil tussen die koloniste en „inwoonders" te trek, bevind ons ons vandag onder die omstandighede dat die piramides van elke gemeenskap mekaar in die samelewing as geheel oorvleuel. Die hoogste spitse van die gekleurde piramide staan reeds—al is dit met 'n skraal punt—hoër as en oordek dus die laer strata van die blanke piramide.

4. 'n Ideaal wat Van Riebeeck tweekeer gestel het, maar aan die verwesenliking waarvan hy nooit besondere aandag gegee het nie, is na drie eeue nog nie gerealiseer nie. Die nie-blanke is nog nie binne die kader van die gereformeerde religie gebring nie, in elk geval nog nie sodanig dat die nie-blanke gemeenskap oor die algemeen as gekerstend beskou kan word nie. Die bestaan van meer as 800 onafhanklike natu-

rellekerke mag niemand verlei tot die konklusie dat die nie-blanke grootskaals tot die Christendom bekeer is nie. . As Sundhler beweer dat „the White man's God and the White man's gold" die Zulu se geloof en gedrag grootliks verander het, dan is die rol van die goud in die veranderingsproses tans nog sterker as die van die religie. En wanneer die Naturelle-Kerkekommissie (1925) konstateer dat die Suid-Afrikaanse naturel met snelheid en gemak die Christelike leerstellings van die Europese beskawing aanvaar het, kan dit alleen onderskryf word insoverre dit die uitwendige betref. Die organisasie, die ritueel en die leerstellinge van die meeste van hierdie kerke het slegs 'n dun lagie Christelike vernis.

5. Die heel belangrikste verandering ten opsigte van die rasseverhoudings wat gedurende die drie eeue ingetree het, geld waarskynlik die opvatting oor die verhouding self. Van Riebeeck en sy tydgenote het die verskil aanvaar as 'n beskawingsverskil, geaksentueer deur of vergesel van 'n kleurverskil, maar laasgenoemde was sekondêr en selfs 'n nalaatbare faktor. Geleidelik is die beskawingsverskil geprojekteer op die kleurverskil, sodat die een sinoniem met die ander geword het.

## III.

Die voorgaande vergelyking dien eintlik geen doel as dit nie lei tot 'n waardering van die huidige posisie nie. Die ruimte ontbreek om dit hier te doen. Vragenderwys kan slegs die rigting aangedui word waarlangs daardie waardering gevind moet word. Wat het die kontak die nie-blanke gebied, en wat het dit die blanke gelewer? Watter foute is begaan, en hoe kan dit herstel en verdere foute voorkom word? Watter bates het daaruit voortgevloei, en hoe kan dit gestimuleer en versterk word? Is elke groep eerlik bewus van die inhoud en sin van die verhoudinge en toestande, of word van beide kante slegs enkele fasette onder die vergrootglas geneem en uit perspektief gesien? Het die nie-blanke die beste gebruik van sy geleenthede gemaak, en het die blanke waarlik in alle opsigte die beste geleenthede vir hom geskep en veral met al sy krag probeer om die grondslag van die Westerse beskawing, die gereformeerde religie, tot die „Inwoonders" van hierdie land te bring?

Het ons na drie eeue nog die suiwere verwagting dat die Stormkaap uiteindelik 'n Kaap van Goeie Hoop sal word?